Behuising nou op koers

Festival: The McGregor Food & Wine Festival last Saturday was a resounding success with visitors from all over flocking in to enjoy the festivities. More than 600 visitors attended the festival.
Photo: Supplied

MICHELLE MARAIS

NÁ volgehoue onwerkbare opsies oor 'n tydperk van tien jaar het die provinsiale regering ingegryp om die langverwagte en broodnodige laekoste-behuisingsprojek op McGregor 'n werklikheid te maak.

Mnr. Bonginkosi Madikizela, provinsiale minister van behuising (menslike nedersettings), het by navraag aan die *Gazette* gesê die provinsiale regering is in beginsel ten gunste van 'n ontwikkelingsvoorstel deur die McGregor Heritage Society op privaatgrond aan die oostekant van die dorp.

"Die voorgestelde ontwikkelings deur die vorige ANC-beheerde munisipaliteit was nie geskik nie, onder meer omdat die voorgestelde areas hoë argeologiese, omgewings- of erfeniswaarde met hoë geo-tegniese beperkinge het."

Volgens Madikizela is geen goedkeuring vir die bou van huise ooit toegestaan nie.

"Die departement het 'n strategiese doel om behuising aan alle Suid-Afrikaners te verskaf, ongeag politieke affiliasie."

Hy het bygevoeg dat McGregor 'n dorp is met 'n toerismegedrewe ekonomie en 'n relatief lae ekonomiese ontwikkelingspotensiaal.

Volgens mnr. Theuns Botha, leier van die DA in die Wes-Kaap, het hy drie weke voor die verkiesing vroeër vanjaar 'n politieke vergadering op McGregor gehou. "Ek het my daar vasgeloop in erge opgehoopte frustrasies oor 'n langverwagte behuisingsprojek. Dit was duidelik dat die vorige ANC-regering nie die vermoë gehad het om met werkbare oplossings vorendag te kom nie.

"Ek het onderneem om die probleem op te los en het saam met my kollegas hierby betrokke die oplossing geformuleer."

Botha het bevestig dat Madikizela reeds geskeduleerde vergaderings met alle rolspelers plaaslik gereël het om die projek so gou moontlik in plek te kry. Dit sluit in die aankoop van privaatplaasgrond oos van die dorp vir dié doel.

"Ons regering sal die gemeenskap van McGregor nie teleurstel nie. Dit sal volgens my onderneming en ons regering se voorneme gedoen word."

Mnr. Tony Saddington, voormalige voorsitter van die McGregor Heritage Society, het gesê die vorige raad was onbevoeg om die behuisingstekort uit te sorteer en het die bevindinge van hul eie omgewingsimpak- en ander studies geïgnoreer. "In kort, die behuisingskwessie kon al vyf jaar terug opgelos gewees het."

Mnr. Gawie Fielies, voormalige ANC-raadslid, het onderneem om sy kommentaar oor die behuisingstekort skriftelik by die *Gazette* in te dien. Teen druktyd en ná verskeie oproepe, is geen terugvoer egter ontvang nie.